ONS IS NOU IN ADVENTSTYD
SONDAG 27 NOVEMBER – SONDAG 18 DESEMBER

WAT IS ADVENT?

Met Kersfees vier en verkondig ons dat "die Woord vlees geword en onder ons kom woon het" (Joh 1:14). Advent is nie dieselfde as Kersfees nie, maar is 'n tyd van ***verwagting*** en ***voorbereiding*** op die koms van Christus.
Die woord Advent beteken ook letterlik ***"koms".***

WAT VIER ONS IN ADVENT?

Advent is die tyd waartydens ons onsself ***opnuut inleef*** in die wonder van die menswording van Christus.
Ons berei ons opnuut voor om die Verlosser in ons lewens te verwelkom.
Ons leef ook in die ***verwagting*** dat die Verlosser weer gaan kom en daarom is ons gebed: ***MARANATA*** (kom tog gou, Here!).
Advent is dus 'n tyd van ***herinnering*** en ***verwagting.***

Daar is vier Adventsondae voor Kersfees, waartydens ons vanuit verskillende perspektiewe met verwagting op die koms van Christus voorberei.

Die eerste week se tema is	**VERWAGTING**
Die tweede week se tema is	**VERKONDIGING**
Die derde week se tema is	**VREUGDE**
Die vierde week se tema is	**REINHEID**

SIMBOLE EN RITUELE IN ADVENT

Hieronder word slegs 'n paar simbole en rituele aan u verduidelik:

- Een van die sterk visuele hulpmiddels in dié tyd is die sogenaamde ***Adventskrans.*** Dit bestaan meesal uit ***vier kerse*** en 'n ***groter wit Christus-kers*** in die middel. Drie van die kerse is donkerblou en 'n vierde rooskleurig. Dit kan bydra tot die gevoel van verwagting deur op elke Adventsondag 'n kers aan te steek. Dit is die gebruik om gewoonlik elke Sondag 'n kers aan te steek, terwyl die vorige kerse wat aangesteek is bly brand met die aansteek van 'n volgende kers. So brand al vier kerse tydens die vierde Sondag, terwyl die groot wit Christus-kers in die middel op Kersdag aangesteek word. Die rooskleurige kers, wat juis 'n uitsondering van die ander kerse is, word gewoonlik op die derde Sondag aangesteek deurdat hierdie Sondag se kers geassosieer word met die ***vreugde wat tiperend*** is van ons ***Adventvieringe.***

- Die gebruik van die ***Kersboom*** is baie bekend. Tog het dit 'n sterker godsdienstige betekenis as wat die meeste mense vermoed. ***Die Kersboom verwys terug na die boom van die lewe in die tuin.*** Die boom herinner ons so aan die skepping, asook dat Christus weer sal kom om die skepping te verlos. (Rom 8:19-20).

- Die gedagtes van ***wag*** en ***waak*** is ***sentraal in Adventstyd***, en ***stilte*** is hiervoor belangrik. Stilte kan juis as alternatief dien op die gejaag en geraas wat dikwels met die tyd voor Kersfees gepaardgaan.